

# Ons Erediens

## NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:  
Dr. Ernst Endres – 21 Februarie 2021**

### 1. VOTUM

Dié wat op die Here vertrou,  
is soos Sionsberg wat nie wankel nie  
en altyd vas bly staan.

<sup>2</sup>Soos die berge Jerusalem  
aan alle kante beskerm,  
so beskerm die Here sy volk,  
nou en vir altyd.

### 2. SEËNGROET

<sup>3</sup>Genade en vrede vir julle  
van God ons Vader en die Here Jesus Christus,  
<sup>4</sup>wat Homself vir ons sondes gegee het  
om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en  
so die wil van God ons Vader te volbring.

<sup>5</sup>Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid! Amen.

### 3. SKRIFLESING EN GEBED

**Teks: Psalm 114.**

**Tema: Bewe voor die gesig van Adonai.**

**Jode en groot feesgeleenthede**

Die Jode het hulle trauma en hartseer in feesgeleenthede van hoop verander.



### **Die name van God (Psalm 113)**

In Psalm 113 sing die feesgangers oor die andersheid van God. Die naam van die Here word geloof en geprys omdat Hy hoogverhewe is, maar ook laag neerdaal om die status van uitgeworpenes te verhef.

### **Die voorkoms van die Here (Psalm 114)**

In Psalm 114 sing die feesgangers oor die voorkoms van die Here. Die letterlike vertaling is die “gesig van Adonai”. Die naam Adonai kan met “husband, lord, owner of ruler” vertaal word, maw “eienaar of baas”. Wanneer die skepping die gesig van Adonai (Here) sien, gaan hy aan die bewe en vlug.

Ons kyk vanoggend na drie aspekte van die “gesig van Adonai”:

- Die “gesig van Adonai” verander Jakob se lewe;
- Die “gesig van Adonai” seën die huis van Jakob;
- Die gesig van Adonai is vreesaanjaend en die skepping bewe;

#### **1. Die gesig van Adonai verander Jakob se lewe. (Genesis 32)**

Daar is ‘n kritiese moment in mense se lewens wat die gang van hulle lewens permanent verander. Paulus het sy Damaskus-ervaring gehad en Jakob sy Jabbokspruit-ervaring. In Genesis 32 vind die geestelike verdieping in die lewe van Jakob plaas toe hy met die “gesig van Adonai” gekonfronteer word. Na 14 jaar in die vreemde keer Hy en sy gesin terug na die beloofde land. Oppad terug verneem hy dat Esau hom met 400 manne inwag. Toe hy dit hoor, het vrees en angs hom oorweldig. Ons lees in Genesis 32:6 en 7,

“Die boodskappers het na Jakob toe teruggekom en kom sê: “Ons het by u broer Esau aangekom, maar toe was hy al op pad na u toe met vier honderd man by hom. “Jakob het baie bang geword, angs het hom oorval.”

In dié tyd vind daar ‘n ontmoeting tussen Jakob en die Engel van die Here plaas. Nadat hy almal vooruitgestuur het, het hy alleen die nag by Jabbokdrif met ‘n “onbekende” man geworstel. Die worsteling was ‘n geestelike asook fisiese worsteling. Ons lees in Hosea 12:4 en 5,

“Nog voor sy geboorte het hy al sy broer onderkruip en as volwasse man het hy met God gestoei. <sup>5</sup>Jakob het met ‘n Engel gestoei en gewen. Jakob



het gehuil en van God hulp verwag: “By Bet-El sal Hy ons ontmoet, daar sal Hy met ons praat. Die Here is die almagtige God, die Here sal onthou.”

Die worsteling was baie intens en Jakob wou hierdie man nie laat gaan voordat hy hom geseën het nie. Teen dagbreek het die man Jakob op sy heup geslaan en hom geseën. Ons lees in Genesis 32:27-31,

Toe vra die man: “Wat is jou naam?” en hy antwoord: “Jakob”. Die man het gesê: “Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel, want jy het teen God en teen mense ’n stryd gevoer en jy het dit end-uit volgehou.” Toe sê Jakob: “Sê my tog jou naam,” en die man vra: “Waarom vra jy my naam?” Hy het vir Jakob net daar geseën, en Jakob het die plek Pniël genoem, “want,” het hy gesê, “ek het God van aangesig tot aangesig gesien en tog het ek nie omgekom nie.” Net toe Jakob by Pniël verbygaan, het die son opgekom.

By Jabbokspruit het Adonai die Meester en Eienaar van Jakob en sy huis geword, wat die bestemming van hierdie man en sy nageslag bepaal het. By die Jabbokspruit ontvang hy die seën van Adonai wat permanent op hom en sy gesin sou gerus het.

## 2. Die gesig van Adonai seën die huis van Jakob (Psalm 114:1,2)

“Toe Israel uit Egipte getrek het, toe die nageslag (huis) van Jakob getrek het, weg van die volk met die onverstaanbare taal af, het Juda sy gewyde besit geword en Israel sy magsgebied.”

- Die huis van Jakob het die heiligdom van Adonai geword;
- Die huis van Jakob het die militêre weermag van Adonai geword wat Sy heilige oorloë teen die heidendom moes veg.

Die “huis van Jakob” se status het ook verander. Hulle het die woonplek en die weermag van God geword. Die geestelike verdieping in Jakob het in sy nageslag deurgewerk. Die “gesig van Adonai” het oor hulle geskyn. Ons lees in Numerie 6:23-27,

Spreek met Aäron en sy seuns en sê.

So moet julle die kinders van Israel seën deur vir hulle te sê:



Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
die HERE sal sy **aangesig** oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
die HERE sal sy **aangesig** oor jou verhef en aan jou vrede gee.  
So moet hulle dan **my Naam** op die kinders van Israel lê;  
en Ék sal hulle seën.

God seën gesinne en families tot in die duisendste geslag omdat hulle die Here liefhet. Die hand van die Here was sigbaar in die lewe van Ruben, Juda, Levi, Josef en sy ander kinders. Elkeen het die Here op hulle unieke manier gedien. Die koningshuis van Dawid en die geboorte van die Messias kom uit hierdie geslag.

Johathan Edwards (1703-1758) was 'n evangelis, wat deur sy prediking, evangelisasie en boeke bekendheid verwerf het. Hy trou met 'n meisie wat baie lief vir die Here was. Uit 1394 nasate het 13 rektore van kolleges geword, 65 professore, 3 senators in die VSA-regering, 30 regters, 100 prokureurs en advokate, 60 mediese doktors, 75 vloot en weermag offisiere, 100 predikante en sendelinge, 60 bekende outeurs van boeke, 80 wat belangrike openbare ampte beklee het, 'n aantal persone wat goewerneurs van state geword het asook ministers in kabinette in die buiteland en een vise-president van die VSA. Hulle nasate het die staat niks gekos nie. Die gesig van Adonai het nie net op die huis van Jakob geskyn nie, maar ook op die huis van Jonathan Edwards. Daarmee het hulle permanent onder die seën, beskerming, genade en vrede van die Adonai geleef.

### **3. Adonai gryp in by drie groot momente in hulle geskiedenis. (Psalm 114: 3,4).**

<sup>3</sup>Die see het dit gesien en op die vlug geslaan,  
die Jordaan het teruggedraai,  
<sup>4</sup>die berge het rondgespring soos ramme,  
die rante soos lammers.

Die feesgangers sing nou oor drie gebeure wat die lot van die huis van Jakob ingrypend verander het. Hulle sing oor 'n uittog na vryheid en 'n intog na die beloofde land. Hulle sing oor 'n reis deur die woestyn. Hulle sing oor die drie groot krisisse by die Rietsee, die berg Sinai en die Jordaanrivier. Toe die Rietsee die gesig van Adonai gesien het, het hy aan die bewe geraak, omgedraai en weggevlug. Toe die Sinai-berge die gesig van Adonai gesien het, het hulle aan die bewe geraak en soos



lammers en ramme rondgespring. Toe die Jordaanrivier die gesig van Adonai gesien het, het hy aan die bewe geraak, opgedam en gerittereer.

- **Die Rietsee het die gesig van Adonai gesien en het op die vlug geslaan. (Exodus 14)**

<sup>13</sup>Maar Moses het die volk geantwoord: “Moenie bang wees nie. Staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red, want soos julle die Egiptenaars nou daar sien, sal julle hulle nooit weer sien nie. <sup>14</sup>Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg.”

- **Die Jordaan het die gesig van Adonai gesien en het teruggedraai. (Josua 1 en 3:14-17)**

<sup>5</sup>“Solank jy lewe, sal niemand bestand wees teen jou nie. Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie in die steek laat nie, jou nie verlaat nie.

<sup>6</sup>Wees sterk, wees vasberade, want jy moet hierdie volk die land in besit laat neem wat Ek met ’n eed aan hulle voorvaders beloof het.

<sup>7</sup>“Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het.

<sup>9</sup>Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.”

- **Die Sinaïberge het die “gesig” van Adonai gesien en het soos ramme rondgespring en die rante soos lammers. (Exodus 19)**

<sup>16</sup>Met dagbreek die derde dag was daar donderslae, weerligte en ’n donker wolk op die berg. Daar was ook die sterk, helder klank van ’n ramshoring. Die hele volk in die kamp het gebewe. <sup>18</sup>Die hele Sinaïberg het begin rook toe die Here in vuur daarheen afkom; die rook het opgetrek soos die rook van ’n oond. Die hele berg het ook geweldig geskud, <sup>19</sup>en die geluid van die



ramshoring het al hoe harder en harder geword. Moses het gepraat, en God het hom in die donderslae geantwoord.

#### 4. Die feegangers skeer gek met die oorsake van swaarkry (Psalm 114:5,6)

<sup>5</sup>Wat is dit met jou, see, dat jy op die vlug slaan,  
wat is dit, Jordaan, dat jy terugdraai,  
<sup>6</sup>berge, dat julle soos ramme rondspring,  
en julle, rante, soos lammers?

<sup>7</sup>Bewe, aarde, as die Here verskyn, (gesig van Adonai)  
as die God van Jakob verskyn,  
<sup>8</sup>Hy wat rots in waterkuile verander,  
harde klip in fonteine.

In die derde strofe (vv5,6) skeer die feegangers nou gek met hulle trauma en periodes van swaarkry. Hulle kyk terug op die verlede en kry perspektief op die drie groot gebeurtenisse. Rietsee, wat is dit met jou toe jy die gesig van Adonai gesien het, omgedraai en op die vlug gegaan het. Jordaanrivier, wat is dit met jou toe jy die gesig van Adonai gesien het, opgedam het en agteruit teruggeloop het en arme Sinaïberge, hoekom het julle soos ramme en lammers in die rante rondgepsring. Inderdaad, wanneer die skepping die gesig van Adonai sien, gaan hy aan die bewe, draai om en vlug weg. Dis egter nie net die skepping wat bewe nie, Adonai versorg ook “die huis van Jakob”. Hy verander rots in waterkuile, harde klip in fonteine.

Die feesgangers sing oor die “gesig van Adonai” wat hulle stamvader geseën het, wie se aangesig oor die huis van Israel skyn en wat tye van swaarkry en trauma in feesgeleenthede verander. Die “gesig van Adonia” skyn vandag nog steeds op sy kinders en verander ook die huidige tye van hartseer en pyn in feestye.

#### 4. SEËNBEDE:

So moet julle die kinders van Israel seën deur vir hulle te sê:  
Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
die HERE sal sy **aangesig** oor jou laat skyn en  
jou genadig wees;  
die HERE sal sy **aangesig** oor jou verhef en  
aan jou vrede gee.



So moet hulle dan **my Naam** op die kinders van Israel lê;  
en **Ék** sal hulle seën. **AMEN!**

## 5. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapscan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.  
Absa Tjekrekening 1460165489  
Takkode:632005  
Verwysing: Dankoffer

